

tippet 100

Ek wonder oor die Aussies se balpeutery.

Ek weet - en ek stem hiermee saam - dat jou droogmaak dikwels ook dadelik gevolge inhou. Dan moet jy jou slae vat. Jy het hiervoor gesoek. Ek kry jou ook nie jammer oor die pak nie.

Maar ek wonder oor die giftige harte - ook van Christene - oor hierdie drie?

Ek wonder of daar iemand in Australië is wat hierdie Paasnaweek aan drie flenters manne en hulle gesinne die Boodskap van vergifnis, herstel, vryheid en hoop vertel het?

Ek wonder watter ongelooflike getuienis uit hierdie hartseer kan kom?

Ek wonder of ons hiervoor kan bid?